Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

VOORSORG VERKLARINGS:

Moenie gifstof/dampe/gas/walms/wasem/sproei inasem nie.
Dra beskermende handskoene, beskermende klerasie, oog- en gesig beskerming.
INDIEN DIT OP VEL BELAND: Was met 'n voldoende hoeveelheid water.
INDIEN DIT IN DIE Oë BELAND: Spoel oë versigtig uit met water vir paar minute. Verwyder kontaklense, indien gedra word en maklik is om te verwyder. Hou aan met spoel.
Versamel verspilde produk.
Vernietig die houer en die inhoud van die houer in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

Moet nie die spuitnewel inasem nie, en sorg dat spuitnewel nie in kontak met oë kom nie.
Mag velirritasie en sensitisering veroorsaak indien in aanraking kom met vel. Vermy kontak met die vel en dra beskermende klere en gesigskerm.
Mag oog irritasie veroorsaak, dra 'n gesigskerm wanneer die produk gehanteer of vermeng word. In geval van kontak met oë, spoel oë onmiddellik uit met heelwat water en verkry mediese hulp.
Was besoedelde klere met seep en water na gebruik.

Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande, gesig en besmette vel gewas is nie.

Vermyn spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme, enige ander statiese of vloeiende waterelement en enige plekke wat nie behandel word nie.

Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en maak seker dat alle tekens van **PALLAS® 45 OD** verwyder is. (Lees „Skoonmaak van spuit“ gedeelte van hierdie etiket.)

Spoel leë houers drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi alle spoelwaters van die houer by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.

Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Vernietig leë houers op 'n veilige manier en moet nie vir enige ander doel hergebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

KOMPONENT	CAS No.	Konsentraat (% w/w)
Cloquintocet-mexyl	99607-70-2	9,25
Pyroxsulam (ISO)	422556-08-9	4,31
Koolwaterstowwe, C10-C13, aromaten, <1% naftaleen	Not assigned	>- 70 - < 80
Benseensulfonsuur, mono-C11-13-vertakte alkiel-derivate, kalsiumsoute	68953-96-8	>- 3 - < 10
Koolwaterstowwe, C10, aromaten, <1% naftaleen	1189173-42-9	>- 2,5 - < 3

NOODHULPBEHANDELING:

Nul per mond en moet nie braking induseer indien pasiënt bewusteloos is of stuiptrekkings kry nie.

Inname:

Raadpleeg onmiddellik 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. Laat persoon 'n teug water uit glas neem, indien pasiënt kan sluk. Moenie braking induseer tensy aanbeveel is by die gifbeheersentrum of geneesheer nie. Moet geensins enigets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

Inaseming:

Verskuif persoon na vars lug toe. Indien persoon nie asemhaal nie, ontbied 'n noodreaksie span of ambulans. Pas kunsmatige asemhaling toe; indien mond-tot-mond, gebruik redder beskerming (sak masker, ens.). Raadpleeg 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies

Oogkontak:

Hou oë oop en spoel stadig en sagkens met water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien gedra word, na aanvanklike 5 minute en spoel vir nog etlike minute. Raadpleeg 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies

'n Geskikte nood oog was fasiliteit behoort by die werksarea beskikbaar te wees.

Velkontak:

Verwyder besoedelde klere. Was vel met seep en genoeg water vir 15-20 minute. Skakel 'n gifsentrum of geneesheer vir behandelingsadvies.

Was besoedelde klere voor herverbruik. Skoene en ander leer items wat nie ontsmet kan word nie, moet behoorlik weggedoen word.

Geskikte nood veiligheid stort fasiliteit behoort beskikbaar te wees in werksarea.

SIMPTOME VAN ERGE MENSLIKE BLOOTSTELLING

Mag ernstige oogirritasie en horingvliesskade tot gevolg hê.

Langdurige kontak mag gematigde velirritasie met plaaslike/algehele rooiheid veroorsaak.

Langdurige velkontak sal onwaarskynlik absorpsie van skadelike hoeveelhede tot gevolg hê.

WEERSTANDSWAARSKUWINGS, -VOORKOMING EN -BESTUUR

Vir weestandbestuur is **PALLAS® 45 OD** deel van die triasolopirimidien groep van onkruidodders wat die ALS (Asetolaktaat sintase) inhiberingsmetode van werking het. HRAC klassifikasie is 'n groepkode B onkruidodder.

Enige onkruid populasie mag sommige individue bevat wat natuurlik weerstandbiedend is teen **PALLAS® 45 OD**, asook ander groepkode B onkruidodders. Indien onkruidodders met dieselfde werkingswyse herhaaldelik gebruik word kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie deur **PALLAS® 45 OD** of enige ander groepkode B onkruidodder beheer word nie.

BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE TE VERMINDER

- Implementeer bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheerstelsels (insluitende die gebruik van nie-selektiewe onkruidodders) waar prakties moontlik.
- Vermyn die herhaalde gebruik van onkruidodders met dieselfde metode van werking. Wissel af met, of maak tenkengesels met geregistreerde produkte van verskillende onkruidodder groepkodes.
- Beplan gewasrotasie sodat onkruidodders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- Hou rekord van onkruidoddergebruik van elke land vir toekomstige gebruik.
- Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe materiaal na ander lande deur gereelde skoonmaak van stropers en ploë en plant van onkruidvrye saad.
- Met beweiding, begin by lande met die minste onkruidweerstand voor beweging na lande met hoë weerstand om verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- Ondersoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig uit te ken.
- Monitor altyd effektiwiteit verkry kort na onkruidodertoediening.

Kontak u produk vervaardiger of verspreider verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruidodder weerstandbiedendheid.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Skud die houer goed voordat dit oopgemaak word.

Moet nie **PALLAS® 45 OD** toedien op graan ondersaai met peulgewasse nie.

Moet nie **PALLAS® 45 OD** toedien op koring wat onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weerstoestande, voedingselementtekorte, droogte, versuiping, siekte, insekbeskadijng of onkruidodderresidue oordraging nie.

Tydlike gewasskade mag na toediening van **PALLAS® 45 OD** voorkom, maar sal nie tot oesverlaging lei nie. Toedienings moet uitgestel word indien die gewas onder strestoestande soos koue weer of swaar reën verkeer, of wanneer die risiko van ysige temperature gedurende die volgende paar dae voorspel word.

Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.

Moet nie enige waterbronne besoedel nie bv. damme, riviere, boorgate, ens.

PALLAS® 45 OD moet slegs EEN maal per seisoen toegedien word.

MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Gewasse anders as koring kan baie sensitief wees teenoor lae konsentrasies **PALLAS® 45 OD** in die grond. Deeglike oorweging moet dus gegee word aan wisselboubeplanning alvorens **PALLAS® 45 OD** gebruik word.

Die minimum wagperiode dui op die minimum tydsverloop vanaf die laaste toediening van **PALLAS® 45 OD** totdat 'n opvolggewas aangeplant word.

Die intervalle hieronder gespesifiseer sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat versnelde afbraak van **PALLAS® 45 OD** deur mikrobiële aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag stadiger afbraak teweegbring.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom moet die volgende wagperiodes in ag geneem word :

Graantipes (koring, gars, hawer, rog en korog), lupiene en kanola kan die daaropvolgende seisoen, na die toediening van **PALLAS™ 45 OD**, gesaai of geplant word, nadat 'n wagperiode van 9 maande verloop het.

Vir alle ander gewasse word 'n wagperiode van ten minste 12 maande aanbeveel, voorafgegaan deur 'n toetsplanting. Toetsstroke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant word en tydens ontkieming en opkoms gekontroleer word vir enige abnormale groei om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word.

ONKRUIDE NORMAALWEG BEHEER

MET PALLAS® 45 OD:

<i>Avena fatua</i>	Gewone wilde hawer
<i>Bromus diandrus</i> ***	Predikantsluis
<i>Bromus japonicus</i> ***	Hooigras
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Phalaris minor</i> **	Kleinsaadkanariegras
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas

**Wisselvallige beheer van *Phalaris minor* kan verwag word.

***Waar ALS bestande *Bromus* spp. en/of ALS bestande *Raphanus raphanistrum* voorkom, mag swak beheer verwag word.

MET PALLAS® 45 OD + DERBY* 175 SC:

<i>Anagallis arvensis</i>	Blouselblommetjie
<i>Arctotheca calendula</i>	Gousblom
<i>Avena fatua</i>	Gewone wilde hawer
<i>Bromus diandrus</i> ***	Predikantsluis
<i>Bromus japonicas</i> ***	Hooigras
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Lupinus angustifolius</i>	Opslag lupiene
<i>Malva parviflora</i>	Kiesieblaar
<i>Phalaris minor</i> **	Kleinsaadkanariegras
<i>Polygonum aviculare</i>	Litjiesgras
<i>Raphanus raphanistrum</i> ***	Ramenas
<i>Medicago</i> spp./ <i>Trifolium</i> spp.	Klawers
<i>Urtica urens</i>	Bos brandnetel

**Wisselvallige beheer van *Phalaris minor* kan ver wag word.

***Waar ALS bestande *Raphanus raphanistrum* en/of ALS bestande *Bromus* spp. voorkom, kan swak beheer ver wag word. Die byvoeging van 1,0 l/ha MCPA 400 SL tot die spuitmengsel tydens die korrekte koringgroei stadium mag tot verbeterde beheer van *Raphanus raphanistrum* lei.

NOTAS:

1. Soos gelys hierbo, beheer **PALLAS® 45 OD** sekere onkruidspesies alleen of in tenkmengsels soos aangedui. Ander eenjarige onkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middels voorgekom het nie, kan ook moontlik in meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.
2. **PALLAS® 45 OD** bespuitings alleen of in tenkmengsels, sal nie onkruid beheer wat nog nie ten tye van die bespuiting opgekom het nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS : Gebruik slegs soos aangedui**ALGEMENE INLIGTING**

PALLAS® 45 OD is 'n olie dispersie onkruid doder vir die selektiewe na-opkom beheer van sekere onkruid, soos gelys, in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap, sowel as beheer van Wilde Hawer in besproeiingsgebiede van die Somerreëvalgebied.

Om die maksimum beheer of onderdrukking van onkruid te verkry, dien **PALLAS® 45 OD** of (**PALLAS® 45 OD + DERBY* 175 SC**) op jong onkruid in hul saailing stadium toe voor hulle verby die 4 blaar stadium is. Onkruid moet aktief onder vogtige toestande groei. Onkruid wat onder droogtestremming en/of ander omgewingstremming verkeer mag minder gevoelig wees.

Alhoewel simptome nie voor 1 tot 3 weke sigbaar mag wees nie, kan die groei van gevoelige onkruid vinnig deur **PALLAS® 45 OD** gestrem word afhangende van groeistoestand en onkruidgevoeligheid.

PALLAS® 45 OD mag, onder sekere omstandighede, 'n groeistremming en/of vergelying van die onderste blare van koring veroorsaak. Dit sal egter geen effek op die opbrengs hê nie.

Optimale toedieningstemperatuur is tussen 8 – 25 °C, toedienings kan egter teen temperature so laag as 5 °C geskied.

Onkruidbeheer mag langer neem onder koeler toestande maar finale beheer word nie beïnvloed nie. Toediening van **PALLAS® 45 OD** teen temperature onder 5 °C, of wanneer nagtemperatuur benede vriespunt is, moet vermy word.

PALLAS® 45 OD kan vanaf die 2-3 blaarstadium van die gewas tot die tweeknode stadium gebruik word. Om die beste resultate te verkry, spuit tydens aktiewe groei van die teiken onkruid. Beheer word deur onkruidgrootte beïnvloed, optimale beheer van eenjarige grasse en breëblaaronkruid word tot en met die 2 – 4 blaarstadium van die onkruid verwag.

PALLAS® 45 OD onkruiddoder spuitegnieke moet deeglike bedekking van onkruid verseker om effektiewe beheer te verkry. Waar onkruidplante deur 'n digte stand koring en/of ander onkruid afgeskerm word kan dit onvoldoende sproeibedekking veroorsaak met daaropvolgende swak onkruidbeheer, neem hierdie aspek in ag wanneer daar op spuitoedieningstyd besluit word. Onkruid wat na die toediening van **PALLAS® 45 OD** ontkiem sal nie beheer word nie, aangesien die produk oor geen sterk residuele effek beskik nie.

Op lande met hoë grasonkruidpopulasies word 'n geskikte voorplantbespuiting (burndown) aanbeveel om latere in-gewas onkruiddruk en kompetisie te verlig. Gebruik van kort groei koringkultivars met goeie vroeë groeikrag kan ook help om grasonkruid te oorskadu. Die mate van effektiwiteit van 'n **PALLAS® 45 OD** toediening mag dan ook verhoog tesame met die verminderde onkruiddruk.

VERENIGBAARHEID

PALLAS® 45 OD, in kombinasie met 'n bymiddel asook EEN van die middels soos hieronder gelys, is verenigbaar in 'n tenkmengsel en alleenlik vir die onkruid of insekprobleem soos aangedui.

BREËBLAARONKRUIDE

Om die breëblaar onkruidspektrum te vergroot (sien lysie), kan **PALLAS® 45 OD** met DERBY* 175 SC of MCPA 400 SL in tenkmengsels gebruik word.

INSEKTE

PALLAS® 45 OD is mengbaar met dimetoaat 400 EC (bevat 400 g dimetoaat/ℓ).

SPOORELEMENTE

PALLAS® 45 OD is mengbaar wanneer afsonderlik met een van die spoorelemente mangaansulfaat (MnSO₄), sinkoksied (ZnO₂) en koperoksichloried [Cu₂(OH)₃CL] gebruik word. Onder geen omstandighede moet veelvoudige spoorelemente, of blaarvoedingformulasies wat meer as 2 spoorelemente bevat, in tenkmengsel met **PALLAS® 45 OD** gebruik word nie.

NOTA : (i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE MET PALLAS® 45 OD IN 'N TENKMENGSSEL GEBRUIK WORD MOET VOLLEDIGE INLIGTING VAN DIE BETROKKE ETIKET VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**

(ii) Aangesien die formulasie van ander produkte, sonder waarskuwing aan Corteva Agriscience™, kan verander en dat waterkwaliteit ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese mengbaarheidstoets voor toediening uitgevoer word.

- MOET NIE meng met onkruiddoders, insekdoders, swamdoders, kunsmis, multikomponent blaarvoedings, plantgroeiregulante of enige ander chemikalieë wat nie op hierdie etiket aanbeveel is nie.
- Moet nie enige produk (onkruiddoder/insekdoder/spoorelement/bymiddel/buffer) wat die pH van die spuitoplossing tot onder 'n pH-waarde van 6.0 sal verlaag, gebruik nie.
- Vir verdere inligting raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

MENGINSTRUKSIES

Skud houer goed voordat oopgemaak word.

PALLAS® 45 OD moet vooraf met 'n klein hoeveelheid water gemeng word en geroer word totdat dit deeglik gedispergeer is.

Vul die spuittenk tot halfvol met skoon water om spuitpuntverstopping te vermy.

Begin die roering en voeg die voorafvermengde **PALLAS® 45 OD** tot die tenk by, deur 'n sif indien beskikbaar.

Hou aan met deeglike roering terwyl die tenk vol water gemaak word en te alle tye voor en gedurende toediening.

Berei net voldoende spuitmengsel vir onmiddellike gebruik voor. Moet nie die spuitmengsel vir lang periodes, soos oornag, hou nie want die effektiwiteit daarvan mag deur produkafbraak verminder word.

Vir lugtoediening moet die volle spuitvolume vooraf vermeng word en deeglik geroer word voordat dit tot die spuittenk bygevoeg word.

Indien 'n mengsel met ander onkruidodders, landboumiddels of bymiddel benodig word, moet dit na die **PALLAS® 45 OD** bygevoeg word, terwyl steeds geroer word en die tenk vol water gemaak word, om goeie dispersie en oplossing van die formulاسie in water te verseker.

GRONDTOEDIENING

PALLAS® 45 OD kan toegedien word met enige medium- of hoë volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat goeie bedekking en eweredige verspreiding verseker. Die beste resultate word verkry deur van platwaaierspuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 150 - 200 liter water per hektaar toe te dien. Vir besproeiings- of ander gebiede waar die plantestand van die gewas en/of onkruid dig is moet 'n minimum van 200 liter water per hektaar gebruik word. Vir 'n kousbalk, gebruik 75 - 100 liter water per hektaar. Sorg dat die onkruid deeglik deur die spuitoplossing bedek word.

LUGTOEDIENING

PALLAS® 45 OD kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (The Aerial Application of Agricultural Remedies) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 35 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

TOEDIENING

GEWAS	DOSIS/HA	AANMERKINGS
GROND- EN LUGTOEDIENING		Verseker dat alle inligting onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word. Dien toe tussen die 2 - 3 blaarstadium tot die tweeknode stadium van koringgewas en wanneer die onkruid in die saailingstadium is (2 - 4 blaar).
KORING Wes-, Suid- en Oos-Kaap, en in besproeiingsgebiede van die Somerreëvalgebied.	440 ml PALLAS® 45 OD + Bymiddel (sien VOETNOTA tot hierdie tabel)	PALLAS® 45 OD onkruidodder spuitegnieke moet deeglike bedekking van onkruid verseker om effektiewe beheer te verkry. Waar onkruidplante deur 'n digte stand koring en/of ander onkruid afgeskerm word kan dit onvoldoende sproeibedekking veroorsaak met daaropvolgende swak onkruidbeheer, neem hierdie aspek in ag wanneer daar op spuittoedieningstyd besluit word. Onkruid wat na die toediening van PALLAS® 45 OD ontkiem sal nie beheer word nie, aangesien die produk oor geen sterk residuele effek beskik nie.
KORING Wes-, Suid- en Oos-Kaap	440 ml PALLAS® 45 OD + 50 ml DERBY 175 SC + Bymiddel (sien VOETNOTA tot hierdie tabel)	
NOTA:		
BYMIDDELS: Die aktiwiteit van PALLAS® 45 OD word verhoog deur die byvoeging van aanbevole bymiddels. Dit lewer meer konstante beheer van vatbare onkruid onder verskeie omgewingstoestande. Bymiddels sal ook effektiwiteit teen alle onkruid wat matig vatbaar is verbeter. Bymiddels is veral voordelig onder droë toestande. Alle toedienings van PALLAS® 45 OD moet in tenkmengsel saam met 'n geskikte bymiddel geregistreer vir gebruik in koring gemaak word. Gebruik die bymiddel dosis soos op die spesifieke bymiddel etiket aanbeveel word.		

Graad van beheer verkry en die tydperk van effektiwiteit hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte, spuitnewel bedekking, gewaskompetisie en groeitoestande gedurende en na die toediening.

SKOONMAAK VAN SPUIT

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as koring te vermy, moet alle spore van **PALLAS® 45 OD** direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word. Gaan soos volg te werk :

- a) Dreineer die spuitsisteem onmiddellik na bespuiting van gewas. Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.
- b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.
- c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5% ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3,5 liter (=10 x 0,35 ℓ) huishoudelike ammoniak by).

Die oorspronklike mengsel wat nou dubbel sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 1 minuut gespuit word.

Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel 15 minute in die tenk staan terwyl roering plaasvind. Na hierdie 15 minuut periode, spuit weer deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

- d) Verwyder spuitpunte en siwwe en plaas in 'n emmer wat 40 mℓ huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.
- e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.
- f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie op sensitiewe gewasse, of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.

Voorsorgmaatreëls met skoonmaak van spuit

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- In geval van kontak, spoel onmiddellik oë uit en vel af met genoegsame water en verkry mediese advies.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in hulle oorspronklike houers.

BERGING EN VERNIETIGING

Bergingstoestand

Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorsponklike houers wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde gebied, weg van kos en voer agter slot en grendel. Vermoed berging bo 35°C.

Produk -en houervernietiging

Moet nie die houers gebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van kos en voer nie.

Vernietiging van oortollige produk en leë houers moet geskied deur 'n industriële verbrandingsoond wat vir chemikalie goedgekeur is. Moet dit nie begrawe of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet herhaaldelik met skoonwater uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuitte.

Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)
24 uur noodnommer: +32-3-575-5555
Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700

® Handelsmerk van Corteva Agriscience™ en geaffilieerde maatskappye.
Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.